ORIENTASIE: HELP OM JOU WêRELD TE BEREIK

Doel: Die doel van hierdie lesing is om jou te daag om deel te word van 'n *geestelike beweging* om te help om jou wêreld vir Christus te bereik.

Mikpunte: Hierdie sessie sal jou help met die volgende:

1. Verstaan *God se doel* in die wêreld vandag.
2. Verstaan *ons doel* in die lewe en in bediening.
3. Bestudeer 'n *Bybelse voorbeeld* van bediening.
4. Verstaan die begrip van 'n *teikengroep*, die belangrikheid daarvan vir jou dissipelskap bediening en waarna ons moet kyk om die regte teikengroep te kies.
5. Verstaan die *Groot Opdrag Opleiding* as 'n strategie wat jou sal help om God se doel te vervul.

Campus Crusade for Christ International
International Training Office
(c) All Rights Reserved

ORIENTASIE: HELP OM JOU WêRELD TE BEREIK

I. Inleiding

…….

…….

Lukas 19:10; Johannes 3:16; Romeine 10:9-10

A. Wat het Christus hier gedoen?

…….

…….

B. Wat moet die mens doen om dit moontlik te maak?

…….

…….

II. Die mens se doel

A. Wat is die mens se doel? 1 Korinthiërs 10:31; Kolossense 3:17; I Petrus 4:11

…….

…….

B. Wat leer ons verder oor die mens se doel wanneer ons kyk na Jesus se laaste woorde aan sy dissipels? Wat is hier die belangrikste opdragte? Markus 16:15 & Mattheus 28:16-20

…….

…….

C. Hoe sal jy die twee gedagtes by punt (**II B** - mens se doel) met mekaar verbind?

…….

…….

D. Hoe word ons toegerus om ons doel te vervul? Efesiërs 4:11-16; Johannes 15:5; Handelinge 1:8

…….

…….

III. Paulus is 'n Bybelse voorbeeld van hoe mens God se doel uitleef.

A. Paulus **identifiseer** met die mense wie hy bedien. Hy identifiseer die verskillende mensegroepe en raak dan betrokke in hulle lewens. (Handelinge 20:17-19; 31)

B. Paulus dra die **waarheid** oor. Hy het nie gehuiwer om te leer of te preek nie, maar het ernstig *"die hele raad van God"* verkondig. (Handelinge 20:20, 21, 24, 27)

C. Paulus lê **waardes en verantwoordelikhede** vas. Hy verduidelik nie net wat hy doen nie, maar ook waarom hy dit doen. Net so moet ons dissipels ook weet *"hoekom"* en *"hoe om te…"* (Handelinge 20:22-24; 2 Korinthiers 3:1-3)

D. Paulus se bediening het **persoonlike opoffering** gekos. Bediening kan nie sommer net terloops gedoen word nie – dit vereis ywer en harde werk. Paulus som sy eie bediening op as opoffering en harde werk. (Handelinge 20:28-38; 2 Korinthiers 11:24-33; 2 Korinthiers 4 & 5 & 6).

…….

…….

…….

IV. Die *Groot Opdrag Opleiding* is 'n strategie wat jou toerus om jou te help om God se doel met jou lewe te vervul

A. Handelinge 19:1, 7-10 is 'n voorbeeld van hoe die *Groot Opdrag Opleiding* jou toerus. Met Paulus as voorbeeld, rus dit jou toe om:

1. 'n Vrugdraende dissipel te wees.
2. Met vrymoedigheid oor Christus te praat.
3. Te konsentreer op die maak van dissipels.
4. Gereeld in 'n teikengebied / teikengroep te bedien.
5. Jou hele gebied met die evangelie te help bereik.

B. Die opleiding help om die Groot Opdrag uit te voer binne 'n geïdentifiseerde teikengebied / teikengroep. Dit geskied op die volgende manier:

1. Rus gelowiges toe om vermenigvuldigende dissipels te wees.
   a. Persoonlike geestelike groei.
   b. Basiese bedieningsvaardighede.
2. Modelleer (stel die voorbeeld vir) evangelisasie en dissipelskap binne die teikengroep.
3. Maak gebruik van byvoorbeeld die JESUS-Film om groot groepe te bereik.
4. Betrek nuwe gelowiges in *Nuwe Lewe Groepe* waar hulle *opgevolg* en *geleer* word hoe om hulle wêreld te help bereik.

C. Opleidingsgetuienis.

……...…….……..

……...…….……..

……...…….……..

V. Kies 'n Teikengebied / Teikengroep

A. Wat is 'n teikengroep?

'n Teikengroep is 'n spesifieke groep mense wie jy en jou dissipelskapgroep graag wil bereik teen 'n sekere datum.

1. Paulus se voorbeeld.
   a. Hy het **invloedryke stede** geteiken bv:
      1. Filippi: Handelinge 16:12
      2. Thessalonika: Handelinge 17:1
      3. Athene: Handelinge 17:16-17
      4. Korinthe: Handelinge 18:1
      5. Efese: Handelinge 19:1
   b. Hy het hom toegespits op **spesifieke groepe** in daardie stede, bv. Jode in die sinagoge (Handelinge 14:1; 17:1, 2).

2. In die *Groot Opdrag* strategie is dit belangrik om te onderskei tussen twee terme: "*teikengebied*" en "*teikengroep.*"
   a. **'n Teikengebied:** bestaan uit 'n hele dorp, vallei, woongebied, kampus of koshuis op die kampus… Dit is gewoonlik 'n geografiese gebied.
   b. **'n Teikengroep:** bestaan uit 'n spesifieke gedeelte van die teikengebied byvoorbeeld 'n gemeenskap, mensegroep, beroep

ens.

B. Hoekom fokus ons op 'n spesifieke teikengroep?

1. Dit gee jou dissipelskapgroep 'n gevoel van eienaarskap – *"hulle is verantwoordelik om hulle deel van die wêreld te bereik."*

2. Dit fokus jou groep op die wie hulle gemotiveerd is om te bereik, bv dieselfde belange, dieselfde agtergrond, dieselfde gemeenskap ens.

C. Waarna kyk ons om 'n goeie teikengroep te bepaal?

1. Grootte

a. Groot genoeg om bv. die JESUS-film te kan gebruik, en nie net een-tot-een evangelisasie afsprake nie.

b. Groot genoeg om geestelike vermenigvuldiging te benodig om genoeg mense te voorsien om die gebied te bereik – nie net een geslag dissipels nie.

c. Klein genoeg om dit te bereik in 'n spesifiek tyd.

d. Klein genoeg om 'n gevoel van momentum te kry en sigbare teenwoordigheid.

2. 'n Duidelike groep

'n Teikengroep moet 'n spesifieke groep mense wees.

3. Vatbaarheid

Tot watter mate is die mense in die teikengroep oop om die evangelie te hoor en daarop te reageer?

4. Invloed

a. Tot watter mate is die mense in die teikengroep in staat om as brug te dien om die res van die teikengebied te bereik?

b. Volg ander hulle voorbeeld na?

c. Is hulle samewerking nodig vir die sukses van projekte in hierdie gebied?

5. Toeganklikheid

Hoe maklik is dit vir ons om hierdie mense te kontak?
Kan ons hulle in groepe nader?

6. Motivering

Bestaan hierdie teikengroep uit mense wie jou dissipelskapgroep gemotiveerd is om te bereik?

D. Idees om jou teikenarea / teikengroep te bereik

1. Bereik eerste hulle wat ander beïnvloed.

Dit is raadsaam om te begin om die mense te bereik wat, as gevolg van

hulle posisie, stand of leierskap, 'n brug kan wees tot ander individue en groepe.

2. Bereik mensegroepe (bv. Natuurlike groeperings van mense).

   Die evangelie versprei die maklikste deur die verhoudinge van hulle in dieselfde natuurlike groepering. Dis vir ons maklik om mense in ons eie groep te bereik. Dokters bereik makliker ander dokters, moeders bereik ander moeders, spelers van 'n sportspan ander spelers, arbeiders ander arbeiders, familielede ander familielede…

…….

…….

…….

VI. Opsomming en Toepassing.

A. Opsomming

Die Groot Opdrag Opleiding **help jou groei** in jou verhouding met God en **rus jou toe** om die wêreld om jou te bereik met die Goeie Nuus van Jesus Christus.

Die eerste vlak van opleiding help jou om in die Gees te Wandel, leer jou om effektief jou geloof met ander te deel en begin die proses om nuwe gelowiges te dissipel.

Die tweede vlak van opleiding rus jou toe om te reageer op die behoeftes van 'n nuwe gelowige.

Die derde vlak berei jou voor om mense in 'n klein groepie te dissipel.

Die laaste vlak van die Groot Opdrag Opleiding is ontwerp om jou te help om meer leierskap te gee aan die groeiende getal disssipels.

B. Toepassing

…….

…….

…….

…….

…….

…….